Potchefstroom Kunsvereniging kry nuwe voorsitter

deur Venessa van der Westhuizen

Adri Joubert is onlangs as nuwe voorsitter van die Potchefstroomse Kunsvereniging verkies

Gunstelinge

Kleur:
Burnt orange
Skrywer:
John Grisham
Bederf:
'n Dag se pamperlang in 'n spa
Stokperdjie:
Bak temakoeke vir verjaarsdagpartytjies
Sêgoed:
Wanneer my seun sê: "Mamma jy is 'n prinses!"
Beste eienskap:
Lojaliteit

Dit help om 'n innemende geaardheid met 'n breë vriendelike glimlag en 'n goeie sin vir humor te hê as jy die voorsitter van enige vereniging moet wees - jy werk mos met mense. Adri Joubert voldoen aan al dié eienskappe, maar die kwaliteit wat enige voorsitter sekerlik die meeste nodig het, is die vermoë om dinge te laat gebeur - en sy is 'n doener.

Sy is nie gewerf om aan die Potchefstroom kunsvereniging te behoort nie, maar het uit haar eie navraag gedoen en was sedert die begin van die jaar 'n aktiewe lid. Toe daar sprake was dat die kunsvereniging die einde van die jaar gaan ontbind omdat die huidige voorsitter bedank, was sy en 'n paar ander lojale lede daar om hulle behoefte aan 'n kunsvereniging duidelik uit te spreek: "In elke dorp is daar mense wat 'n behoefte het aan kuns of kreatiewe blootstelling. Die gebrek daaraan veroorsaak 'n groot leemte. So 'n vereniging skep die geleentheid om jou meer oor kuns te leer, om nuwe mense te leer ken en jou kreatiewe idees en skeppingsprosesse met ander te deel", sê sy.

Adri is tans 'n bestuurder by Revenue Consulting, 'n skuldinvorderingsmaatskappy. Sy is in beheer van al die takkantore wat invorderings doen en moet seker maak dat werknemers hulle maandelikse doelwitte bereik en dat kliënte gelukkig is. Toe ek haar vra of sy al outjies vir belastingontduiking laat vang en toesluit het, het sy met haar kenmerkende droë humorsin geantwoord: "Ongelukkig nie."

Sy het B Proc aan die Bloemfonteinse Universiteit studeer, haar LLB-graad in 1998 by Unisa verwerf en is in 2002 toegelaat om as prokureur te praktiseer. Hoewel haar beroep meer aanspraak maak op die gebruik van haar linkerbrein, moet sy soms baie kreatiwiteit aan die dag lê om kliënte te help, sê sy. Sy glo dat kreatiwiteit nie net vir sekere mense beskore is nie, maar dat almal daarmee gebore is: "Mense is geneig om kreatiwiteit net met beeldende kunstenaars te assosieer maar kreatiwiteit strek baie wyer as dit. 'n Mens kan kreatief wees met woorde, met besigheidsmoontlikhede of om jou huis mooi te dekoreer. Kreatiwiteit lê binne ons almal opgesluit en die resultate daarvan word bepaal deur die hoeveelheid aandag wat jy as individu daaraan spandeer."

Sy het onlangs ingeskryf by 'n werkswinkel in kreatiwiteit wat deur die Potchefstroom kunsvereniging aangebied is. Dit het haar baie insigte rondom kreatiwiteit gegee en haar tegnieke geleer om die maksimum uit haar kreatiwiteit te put. Sy heg veral baie waarde aan twee oefeninge wat sy aangeleer het nl. dagboekinskrywings en die skep van alleentyd met jouself. Die dagboekinskrywings behels dat sy elke oggend 'n bladsy in 'n skryfboek skryf met die doel om jou gedagtes skoon te kry. "Daarin skryf jy gewoon alles wat in jou kop kom. Dit hoef nie noodwendig sin te maak nie en jy moet dit verkieslik nie weer lees nie. Jy gebruik dit om die spinnekoprakke in jou kop skoon te maak. Alleentyd met jouself behels dat jy een keer 'n week ten minste twee uur aan jouself tyd moet spandeer. Jy moet alleen iets doen wat vir jou lekker is. Dit kan enige iets wees. Adri se alleentyd met haarself is om haar fotografie stokperdjie uit te leef en sommer foto's van die kinders by die skool te neem. Verder loop sy graag in 'n kunsgalery of kwekery rond of sit sy sommer in 'n koffiehuis en hou die mense dop. "'n Mens is so geneig om van jouself net te gee dat jy nooit daaraan dink om jouself weer te vul nie. Jy word as't ware gevoed deur aktiwiteite waarvan jy hou en kry so weer nuwe inspirasie.

Adri is opgewonde oor die nuwe uitdagings wat die kunsvereniging haar bied en sien daarna uit om met die huidige komitee saam te werk. "Ek wil graag hê die lede moet meer aktief by die funksies betrokke raak en moet die vrymoedigheid hê om my enige tyd te kontak as hulle oulike idees vir bymekaarkomste het.

KONTAKBESONDERHEDE
Om aan te sluit of voorstelle te maak
Adri, tel: 018 290 9730
epos: adrij@revco.co.za

2011 Kunsvereniging reëlingskomitee

Adri Joubert - Voorsitter
Martie Bothma - Sekretaresse
Jean Lampen - Tesourier
Elna Venter - Film koördineerder
Marna de Wet - Grafiese ontwerp
Willemé Wolhuter - Ad hoc

"Why should we use our creative power...? Because there is nothing that makes people so generous, joyful, lively, bold and compassionate so indifferent to fighting and the accumulation of objects and money."
- BRENDA UELAND -

2010 Voorsitter bedank en bly 'n jaar in Engeland

Venessa van der Westhuizen, die kunsvereniging se voorsitter van 2010, het die einde van die jaar as komiteelid bedank weens hulle familie se verhuising na New Castle, Engeland. Hulle gesin sal slegs vir 2011 daar bly. Haar man, Francois, navorser en dosent by dept. Biochemie aan die NWU, sal met navorsing aan die Universiteit van New Castle betrokke wees. Venessa is tans vakkundige beampte by die plaaslike museum en het onbetaalde verlof by the Munisipaliteit ontvang om haar gesin vir 'n jaar te ondersteun. Hoewel sy baie na haar vriende en familie gaan verlang, sien sy daarna uit om vir 'n jaar weg te breek. Sy sal gereeld in kontak bly en sal gereelde eposse van almal in Potchefstroom baie waardeer. Haar nuwe eposadres is:
venessa.vanderwesthuizen@gmail.com